# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS FIRST LANGUAGE** **1100/3**

PAPER 3 Conversation

Marks 20 **2019**

No additional materials are required.

This document consists of **9** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

[Turn over

## AFDELING 1:  Gesprek oor voorgeskrewe werk

Hierdie afdeling sal die leerders se vermoë toets om die inhoud en literêre kenmerke van een van die werke wat behandel is, te bespreek.

Die volgende aspekte sal bespreek word:

**(a)** Agtergrond

**(b)** Simboliese betekenis

**(c)** Aanwending van die tyd

**(d)** Karakters

**(e)** Intrige

**(f)** Motiewe van spesifieke karakters

**(g)** Tema

**(h)** Bou van die roman of drama

**(i)** In die geval van ’n gedig:  strofebou, beeldspraak

**[10]**

## AFDELING 2: Rolspelsituasies

In dié vraestel word **ses** verskillende rolspelsituasies geskep om die mondelinge vaardigheid van die kandidate te toets.

Hierdie rolspelsituasies kan ook in die klassituasie getoets word. Dit hoef nie noodwendig elke keer die onderwyser te wees wat die rol van: U (as onderwyser) … speel nie. Dit kan twee leerlinge wees aan wie 'n rol toegeken word en hulle dramatiseer die genoemde situasie.

Dit staan onderwysers vry om self te kies hoe hulle hierdie vraestel wil eksamineer. Dit kan tydens 'n gewone lesuur gedoen word of in die middae ná skool. Dit is egter belangrik dat hierdie mondeling so gou as moontlik ná die derde termyn begin het, afgeneem word.

**[10]**

## A Ouer en kind konflik

Tieners glo dat die klere wat hulle dra hulle identiteit gee. Jy (die kandidaat) gesels met een van jou ouers (die eksaminator) oor hoekom jy juis ’n spesifieke handelsmerk moet hê.

**Riglyne:**

- Is ’n sekere handelsmerk ’n statussimbool?
- Hoe belangrik is kleredrag vir jou?
- Waarom is goedkoper klere geen opsie nie?
- Watter rol speel die prysetiket?
- Hoe belangrik is voorkoms?
- Watter rol speel rolmodelle by die keuse van kleredrag?
- Wat is jou mening oor tradisionele drag?
- Speel groepsdruk ’n rol?
- Gee jy om dat ander tieners dieselfde klere as jy dra?

**[10]**

## B Oefening

Jy (die kandidaat) tree in gesprek met ’n biokinetikus (die eksaminator) oor die belangrikheid van oefening.

**Riglyne:**

- Waarom oefen?
- Ons leef in ’n vinnige wêreld wat ingestel is op “kits”. Kitskos (wegneemetes) is ’n algemene verskynsel in baie huishoudings. Waartoe gee dit aanleiding?
- Baie jongmense wil die trappe te vinnig klim: maak liewer gebruik van verbode middels om hul spiere te ontwikkel in plaas daarvan om te oefen. Watter uitwerking het dit?
- In watter lig word oefening deesdae gesien: is dit ’n gier of noodsaaklikheid?
- Liggaamsoefening word al hoe minder by skole aangebied – watter nadelige gevolge het dit?
- Hoekom is dit belangrik dat ’n opgeleide persoon die liggaamlike oefeninge in die skole aanbied?

**[10]**

## C Tienervrese

Tieners gaan deesdae gebuk onder allerlei probleme en lê hul gedrag en optrede voor die deur van hul probleme. Jy (die kandidaat) voer ’n gesprek met jou skoolvoorligter (die eksaminator) oor hierdie netelige saak.

**Riglyne:**

- Wat is die oorsaak van hierdie probleem?
- Wat is die mees algemene probleme wat tieners ervaar?
- Dink jy die probleme van tieners wat in ’n stad bly verskil van dié van tieners op die platteland?
- Watter oplossings/voorstelle kan jy aan die hand doen om tieners te help?
- Watter rol kan die skool / kerk / staat speel?
- Watter rol speel die media in die lewe van tieners?
- Wat is die ouers se bydrae tot hierdie probleem?

**[10]**

## D Beurse

Jou (die kandidaat) aansoek om ’n studiebeurs om oorsee verder te studeer, was suksesvol. Lig jou skoolhoof (die eksaminator) in oor hierdie unieke voorreg wat jou te beurt geval het en wat jy nou beplan.

**Riglyne:**

- Hoe het jy daarvan te hore gekom?
- Gee meer inligting oor die organisasie wat hierdie beurs beskikbaar stel.
- Wat gaan jou onmiddellike planne wees t.o.v. jou skool?
- Hoe voel jy daaroor om die land te verlaat?
- Watter nadele kan so ’n besluit inhou?
- Hoe voel jy oor kultuur en kultuurverskille?
- Wat is jou planne wanneer jy terugkom?

**[10]**

## E Bedrog

Jy (die kandidaat) gesels met jou onderwyser (die eksaminator) oor korrupsie waaraan mense soos klerke, dominees, verkeerskonstabels, politici, ens. hulle skuldig maak.

**Riglyne:**

- Wat is jou mening hieroor?
- Wat is die oorsake van korrupsie en korrupte praktyke?
- Is sekere korrupte praktyke aanvaarbaar?
- Watter rol speel opvoeding in hierdie proses?
- Wie se verantwoordelikheid is dit om mense in te lig hieroor en hoekom?
- Hoekom regverdig mense korrupsie soms?
- Watter straf behoort sulke persone opgelê te word?

**[10]**

## F Oumense

Bejaardes as slagoffers in die ouetehuis.

Bejaardes word as ’n integrale deel van die gemeenskap beskou, maar word gruwelik verwaarloos en uitgebuit. Jy (die kandidaat) bespreek hierdie situasie met die matrone van ’n ouetehuis (die eksaminator).

**Riglyne:**

- Wat is die tekens van mishandeling?
- Gee redes hoekom ouer mense verwaarloos word.
- Noem redes vir die uitbuiting van die ouer gemeenskap.
- Bespreek die onbetrokkenheid van familie (kinders), kerke en die algemene publiek by bejaardes.
- Gee moontlike voorstelle om die probleem op te los.
- Wat kan oumense doen om hulleself teen uitbuiting te beskerm?

**[10]**